Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

# Knie-werk sake…

Oktober 2014

Terugvoer: Daniel wie se voet in gips was, is weer gesond en aan die hardloop. Ons is baie dankbaar daarvoor.



Die badkamer is met die hulp van ’n paar manne uit die Wes-Transvaal gepyp en die warmwater en ander sisteme geinstaleer. Ons maak tans die toilette se deure, dan is die werk klaar. Ons bly in verwondering oor hoe die Here voorsien het in alles om dit moontlik te maak.



**Nuwe sake:**

In September is ons Massangena toe om 2 seminare te gaan hou. Dit was ’n 560km, 14+ ure rit!’n Spannetjie van Palavra da Vida (Word of Life) is saam om met die kinders en jongmense te werk.



Hier is baie gebed nodig vir ’n geestelike deurbraak: Daar is nog geen onderskeid tussen tradisies en geloof nie. Die gevolg is dat die kerk nie groei nie en dat die leierskap al hoe ouer word. Bid saam met ons dat die Here ’n nuwe werk deur sy Gees daar sal doen wat veral die jongmense veral sal bereik.

Kort op die hake van die uitreik het ons ons jaarlikse seminaar vir oud-studente gehou. Pieter Kriel het die seminaar gelei en was vir die nagenoeg 100 bywoners tot groot seën. Die behoefte aan dissipels maak raak stadig maar seker ’n begeerte in baie se harte. Bid dat die saadjie sal ontkiem en baie vrug voorbring.





Armando wat op die plaas die geestelike arbeider is, het amptelik getrou die 27ste September. Dit was ’n feestelike geleentheid wat ’n eerste in sy kerk was. Bid saam met ons dat sy Sioniste kerk by Jesus sal uitkom en aan Hom alleen sal vashou.



Na ’n vreedsame verkiesing is ons Mabalane toe om vertroud te raak met een van ons studente se kerk en sy familie. Raimundo Chongo is ’n jong man wat met baie ywer en entoesiasme aan die werk is. Met ’n kerknaam soos hulle sin - Igreja Original (Oorspronklike kerk), het hulle baie om by kers vas te hou. Sy ma is tans onder behandeling vir TB. Bid vir beterskap en ook dat daar bevryding sal kom van soveel bygelowe wat mense daar nog vasbind.



Twee van ons oud-studente, Sioxhle en Sinolencio is verlede week met ’n bus terug Noord Mosambiek toe waar hulle hul praktiese sending opleiding gedoen het – in Muapula. Hulle wou graag terug om gelowiges daar te gaan bemoedig en versterk. Bid dat die Here hulle kragtig sal gebruik gedurende die volgende 3 weke om plaaslike gelowiges, wat onder groot druk leef, se hande en getuienis te sterk.

Bid asb. ook vir Israel Manhique, ’n jong man uit Sinolencio se village wat vir Jesus aangeneem het maar erge teenstand in die gesig staar. Hy en sy vrou is hierdie week uit sy pa se huis gesit met nêrens om heen te gaan nie. Bid vir baie wysheid in die besluite wat hy nou moet neem. Hulle sal moontlik vir ’n tydjie hier by ons kom bly.

Laasste maar nie die minste nie het ons Colt bakkie sy 300 000ste kilometer afgele. Ons is baie dankbaar vir buitengewone genade wat ons met die kar ontvang. Mag die wiele nog vir vele kilometers draai!




Dankie vir julle liefde en gebede!

Seënwense
Willem & Carol